


7/1988

Saak nr 418/87
/MC



GOODMAN TEMBELA

Eerste Appellant

VICTORIA GWE

Tweede Appellant

- en -

DIE STAAT

Respondent

VIVIER AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPELAFDELING)

In die saak tussen

GOODMAN TEMBELA

.....

Eerste Appell

en

VICTORIA GWE

.....

Tweede Appell

- en -

DIE STAAT

.....

Respondent

Coram: VILJOEN, VIVIER ARR et BOSHOFF WAR.

Verhoor: 3 MAART 1988.

Gelewer: 10 MAART 1988.

U I T S P R A A KVIVIER AR:-

Die twee appellante, na wie ek as beskuldigdes 4 en 5 onderskeidelik sal verwys, het saam met 4 ander, na wie ek as beskuldigdes 1, 2, 3 en 6 onderskeidelik sal verwys, in die Kaapse Provinsiale Afdeling voor LATEGAN R en twee assessore tereggestaan op die volgende aanklagte: huisbraak met die opset om te roof, waarby verswarende omstandighede aanwesig is (aanklag 1), moord (aanklag 2), poging tot moord (aanklag 3) en die onwettige besit van n vuurwapen en ammunisie (aanklagte 4 en 5 onderskeidelik). Op die eerste aanklag is al ses beskuldigdes skuldig bevind. Op die tweede aanklag is beskuldigde 6 onskuldig bevind maar die /...

die ander is almal skuldig bevind aan moord. Op die derde aanklag is almal onskuldig bevind en op die vierde en vyfde aanklagte is slegs beskuldigdes 1 en 4 skuldig bevind. Op die moordaanklag is ten opsigte van elk van beskuldigdes 1 tot 5 bevind dat daar geen versagtende omstandighede is nie en elkeen van hulle is gevolglik ter dood veroordeel. Op die ander aanklagte waaraan die beskuldigdes skuldig bevind is, is verskillende termynne van gevangenisstraf opgelê wat nie hier gemeld hoef te word nie. Beskuldigde 5 is deur die Verhoorregter verlof verleen, en beskuldigde 4 is na 'n versoekskrif aan die Hoofregter verlof verleen om na hierdie Hof te appelleer teen hul skuldigbevindings aan moord, teen die bevindings

dat / ...

dat daar by die pleging van die moord geen versagtende omstandighede was nie en teen die gevolglike doodvonnis wat hulle opgelê is. Beskuldigde 5 is ook deur die Verhoorregter verlof verleen om teen haar vonnis op die eerste aanklag te appelleer, maar hierdie appèl is voor hierdie Hof laat vaar.

Die feite wat nie tans in geskil is nie, is dat al ses beskuldigdes 'n rooftog beplan het by die huis in Constantia, Kaapstad, van beskuldigde 5 se werkgewer, Stanley William Hinrichsen ("die oorledene"), en sy vrou. Kort voor agtuur op Maandagaand, 25 Augustus 1986 is beskuldigdes 1, 2 en 3 deur beskuldigde 4 in sy motor na die oorledene se huis geneem. Beskuldigdes 1, 2 en 3 het die huis

binnegegaan / ...

binnegegaan en die oorledene in die sitkamer teëgekom
waar beskuldigde 1 hom ten aanskoue van mev Hinrichsen,
koelbloedig met 'n rewolwer doodgeskiet het. Die
rewolwer het hy vroeër die middag van beskuldigde 4 gekry.
Beskuldigdes 2 en 3, wat beide met messe gewapen was, het
daarna vir mev Hinrichsen langdurig aangerand in 'n poging
om 'n versteekte brandkas in die huis te bereik waar hulle
gereken het geld was, totdat hulle vir 'n geluid in die
huis geskrik en gevlug het. Beskuldigde 4, wat intussen
buite by sy motor gewag het, het die ander drie na hul
huise teruggeneem en hy het later die vuurwapen gaan
wegsteek. Beskuldigde 5 was tydens die rooftog in haar
kamer aan die agterkant van die woonhuis.

Daar / ...

Daar is reeds die Donderdag voor die moord besluit om beskuldigde 5 se werkgewers te beroof.

Beskuldigde 5 en haar broer Thomas het dié dag hulle suster, beskuldigde 6, wat saam met beskuldigde 1 in New Crossroads gewoon het, besoek. Thomas, wie se getuienis deur die Verhoorhof aanvaar is, het getuig dat beskuldigde 5 in die loop van hulle besoek die ander vertel het dat daar geld te kry is in n brandkas by haar werkplek. Beskuldigde 1 het haar daaromtrent uitgevra, en dié twee het daar en dan beplan om beskuldigde 5 se werkgewers te beroof. Die plan was dat beskuldigde 5 sou sorg dat haar werkgewers se hond in sy hok is en dat die agterdeur nie gesluit is nie wanneer

beskuldigde / ...

beskuldigde 1 een aand teen aandete daar sou kom.

Beskuldigde 1 en ander wat hom sou help, sou met wapens

kom en die huismense dreig, waarop laasgenoemdes na

verwagting sou skrik en nie weerstand bied nie. Hulle

sou dan vasgebind word sodat dit nie nodig sou wees om

hulle seer te maak nie. Thomas is daar weg en later

die middag het beskuldigde 1 vir beskuldigde 2 gaan haal,

die plan is aan hom verduidelik en hy het ingestem om

mee te doen. Beskuldigde 5 het vroeg die Vrydagoggend

na haar werkplek teruggekeer en was onbewus van die

verdere beplanning van die rooftog. Later dié dag

het beskuldigdes 1 en 2 vir beskuldigde 4 gekry om die

nodige vervoer te verskaf vir die rooftog. Die

Vrydagmiddag / ...

Vrydagmiddag het beskuldigdes 1, 2, 4 en 6 in beskuldigde

4 se motor na die oorledene se huis gery om die toneel

te verken. Daar is toe besluit om die rooftog die

Maandag uit te voer. Saterdagoggend het beskuldigde 3

by die ander aangesluit. Maandagmiddag het beskuldigdes

1 en 2 vir beskuldigde 4 gevra om 'n vuurwapen in die hande

te kry om in die rooftog te gebruik en laasgenoemde het

die rewolwer waarmee die oorledene doodgeskiet is, van

ene Gumede geleen en dit aan beskuldigde 1 oorhandig.

Beskuldigde 4 was daarvan bewus dat die rewolwer gelaai

was met 'n vol magasyn.

Mnr Noren, wat namens beskuldigde 4 voor ons

verskyn het, het toegegee dat beskuldigde 4 korrek skuldig

bevind / ...

bevind is aan moord en het nie voortgegaan met die appèl teen die skuldigbevinding aan moord nie. Na my mening is hierdie toegewing tereg gemaak. Beskuldigde 4 het aktief deelgeneem aan die beplanning en uitvoering van die rooftog en het volgens sy eie getuienis voorsien dat die rewolwer met noodlottige gevolge in die loop van die rooftog gebruik kon word.

Ten opsigte van die vraag van versagtende omstandighede het mnr Noren betoog dat die Verhoorhof fouteer het deur nie die afwesigheid van die direkte oogmerk om te dood as 'n versagtende omstandigheid te beskou nie. Soos ek mnr Noren se betoog verstaan, het hy aangevoer dat die moontlikheid van dood wat beskuldigde

4 voorsien het, n baie vae moontlikheid was en dat hy glad nie voorsien het wat inderdaad gebeur het nie, naamlik dat beskuldigde 1 goedsmoeds en onverwags die oorledene koelbloedig sou doodskiet. Soos JANSEN AR in S v Dladla en Andere 1980(1) SA 1(A) op 3 G-H gesê het, is dit nie die ex post facto objektief bepaalde voorsienbaarheid nie, maar die subjektiewe beskouing van die dader toe hy die handeling begaan het, of hy die moontlikheid as n vae of sterk moontlikheid beskou het. Ek stem nie met mnr Noren saam dat beskuldigde 4 die moontlikheid van die oorledene se dood slegs as n vae moontlikheid beskou het nie.

Hy het n gelaaide vuurwapen aan beskuldigde 1, wat hy nie geken het nie, oorhandig om in n rooftog te

gebruik / ...

gebruik en hy moes klaarblyklik besef het dat die risiko groot was dat dit met noodlottige gevolge gebruik kon word. Sy versoek aan beskuldigde 1 om nie die wapen te vuur nie, het daardie risiko nie verminder nie. In elk geval is die vraag vir beantwoording of in die lig van al die omstandighede van die huidige saak die afwesigheid van direkte oogmerk as 'n versagende omstandigheid beskou moet word, al dan nie (S v Dladla en Andere, supra, op 3 H). Na my mening kan nie gesê word dat die Verhoorhof se bevinding een is waartoe 'n Hof nie redelikerwys kon gekom het nie. Beskuldigde 4 het aanvanklik in sy getuienis oor die vraag van versagende omstandighede gesê dat hy die vuurwapen voorsien

het / ...

het aan die ander omdat hy beskuldigde 2, wat hom met sy dagga-handel behulpsaam is, wou help. Later het beskuldigde 4 egter erken dat hy 'n deel van die buit belowe is. Beskuldigde 4 het 'n onmisbare rol in die gebeure gespeel en daar bestaan geen grond om met die bevinding van die Verhoorhof ten opsigte van versagtende omstandighede in te meng nie.

Dit bring my by beskuldigde 5 se appèl teen haar skuldigbevinding aan moord. Dit moet in die eerste plek beklemtoon word dat, nadat sy vroeg die Vrydagoggend teruggekeer het na haar werkplek ná haar besoek aan beskuldigdes 1 en 6, sy nie weer op enige wyse in verbinding was met die ander beskuldigdes nie.

Sy / ...

Sy was dus onbewus van beskuldigdes 3 en 4 se deelname aan die rooftog, van die vuurwapen wat deur laasgenoemde verskaf is en van die feit dat daar 'n rooftog vir die Maandagaand beplan was. Daar is verder geen getuienis dat sy enige rol gespeel het in die gebeure van daardie aand nie. Beide beskuldigde 5 en Thomas het getuig dat die afspraak wat die Donderdagaand gemaak is, was dat haar werkgewers nie beseer moes word nie. Hierdie getuienis is deur die Verhoorhof aanvaar, want in die uitspraak oor versagting sowel as by vonnisoplegging is uitdruklik gesê dat "beskuldigde 5 tog nie beplan het dat daar ernstige beserings moet wees nie". Dit is teenstrydig met die Verhoorhof se vroeëre bevinding

dat / ...

dat beskuldigde 5 die moontlikheid van die oorledene se dood voorsien het. Haar eie getuienis, waarop die Verhoorhof vir laasgemelde bevinding steun, regverdig nie so 'n bevinding nie. Sy het wel in haar getuienis toegegee dat sy weet dat 'n vuurwapen 'n persoon se dood kan veroorsaak, maar oor wat sy inderdaad voorsien het sou gebeur, was beskuldigde 5 se getuienis en dié van Thomas juis dat die wapens wat saamgeneem moes word (watter soort wapens dit sou wees is nie genoem nie) slegs as afskrikmiddel sou dien en nie gebruik sou word nie. Ek is dus van mening dat die Verhoorhof fouteer het deur te bevind dat beskuldigde 5 die moontlikheid van die oorledene se

dood / ...

dood voorsien het. Sy is gevolglik verkeerdelik skuldig bevind aan moord. Daar kan ook nie, na my mening, gesê word dat sy die moontlikheid van dood behoort te voorsien het nie.

Gevolglik word die appèl van beskuldigde 4 van die hand gewys. Die appèl van beskuldigde 5 teen haar skuldigbevinding aan moord word gehandhaaf, en die skuldigbevinding en vonnis op die moordaanklag word ter syde gestel.

W. VIVIER AR.

VILJOEN AR) Stem saam.
BOSHOFF WAR)